KAMMANUUS

Nommer 338 1 Oktober 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

YADE sê dankie – en ander interessante brokkies

Dagsê, die week so bietjie terugvoer oor Kammanuus en Onsdorp se interaksie met sy lesers en die wêreld daar buite. Die gesegde lui mos deesdae: "*Werp jou brood op die dam en die vetste eende sal dit vreet.*"

Miskien effe laf lasterlik maar dis presies wat meeste mense sal sê is waar vir die norme van vandag se lewe. Dis seker hoekom so min mense skenk van hul tyd, geld of energie. Tog maak ons 'n verskil. Ek glo steeds vas dat mens nou wel nie al die duisende vissies wat uitspoel kan teruggegooi kry nie, maar vir daardie een of twee wat jy wel terugsit, beteken dit so baie.

Hoewel die lesers nou nie juis wil nie byt aan my idee van die **GOODCARD** nie, is daar darem nog die paartjies wat gereeld elke maand of twee hulle bydrae instuur vir ons YADE-fonds. Baie dankie, julle weet wie julle is. Vir julle, hierdie terugvoer van **Hettie Sprong** van Bloemfontein:

Ons wil net weereens van die geleentheid gebruik maak om jou en al die Kammaland-inwoners te bedank vir die skenking van R1200,00 wat Yade gister ontvang het vir die aankoop van doeke. Ons kry daagliks meer en meer aansoeke en is tans op soek na nog 'n huis wat ingerig kan word as 'n Versorgings Tuiste. Die nood is so hoog en dikwels word bejaardes ontslaan vanaf die hospitale en lê dan stoksiealleen tuis.

*Julle maandelikse skenking maak dit soveel makliker om Yade se inwoners met menswaardigheid te kan behandel. Hettie Sprong - **YADE UITREIKAKSIE***

Dankie aan **Naomi van Bronkhorstspruit** vir my gepiekelde botteltjie wat veilig aangekom het in Pretoria. Nou moet ek en my eiers nog net by mekaar uitkom!

En van ruilhandel gepraat mense, loop ek toe mos vir **Warthog lemslypers** raak. Afrikaans soos kan kom, wen word aanmekaar gesit daar in George in Duskantland. Hulle voer nou ook uit en is goed bekend in veral die VSA. In ruil vir so 'n slypertjie het ek aangebied om hulle advertensie op Onsdorp se webblad te dra. Ondersteun asseblief hierdie puik Suid Afrikaanse produk en koop vir jou en kamermaatjie so 'n kontrepsietjie. Hulle webwerf vir posbestellings is: http://www.warthogsharpeners.co.za/

Een van ons lesers wat baie gereeld vir my nuuswaardigede en wenke instuur is **Alwyn Schlebusch.** Alwyn boer daar in Hennenman se wêreld. So tussen mielies plant en mense help deur kry hy darem nog tyd om vir ons brokkies aan te gee van wat in Duskantland aangaan.

So 'n rukkie terug stuur hy my die volgende inligting:

'n Gratis boek van die "**Heart and Stroke Foundation SA"** is aflaaibaar van die webwerf: www.cookingfromtheheart.co.za Regs bo in die hoek van die webwerf is die skakel vir die boek. So 4.5 MB groot.

Mense, hierdie kleurvolle e-boek het my nogal verbaas, want die leuse vir gesond eet gaan mos: *as dit lekker proe, spoeg uit!*

Dis egter nie die geval met hierdie boekie nie. Hy's propvol lekkerbek-resepte en wenke oor hoe om te smul en steeds die ou vleispompie ook nog heppie te hou. Die boekie is maar 49 bladsye diep en as jy, soos ek, dit in dupleks druk, spaar jy baie aan bome afkap. Terloops, kamermaatjie meen ook dis sommer heel lekker resepte. Klink my mos ons gaan nou uiteindelik gesond *én* lekker kan eet!

En van lekker eet gepraat, daar loop ek toe vir **Arlene Bekker Ferreira** raak hier in Doha. Mense, maak sy nou lekker melkterte, peppermint crisp terte en veral koeksisters! Om nie te praat van haar kaaswors en blatjangwors nie. Skakel haar by 555-01253 en sy lewer af. Gaan kyk ook op BakkiesBoek op die SASCOM bladsy vir haar produktelys.

Hennie Greeff

Doha, Katar

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE

Oscar Wilde en Lewis Morris

Morris is pas oorgesien vir 'n literêre prys, en sê:
"Daar is 'n sameswering teen my talent. Wat moet ek doen?"
Wilde: "Sluit jou by hulle aan."

Thomas Reed en Henry Clay

Clay: "Ek wil liewer reg wees as om president te wees."
Reed: "Die heer moenie bekommerd wees nie. Hy sal nooit een van die twee wees nie."

Japanse gesegdes

- Goeie medisyne smaak bitter. (Ons luister nie maklik na goeie raad nie.)
- As jy nie die tier se lêplek betree nie, sal jy nie sy welpie vang nie. (Wie nie waag nie sal nie wen nie.)
- Die talentvolle valk steek sy kloue weg. (Steek jou talente weg tot daar 'n aanvraag vir hulle is.)
- 'n Goeie man is gesond en afwesig.
- 'n Goeie swaard is die een in sy skede.
- As 'n man my een keer verneuk, is die skande op hom. As hy dit 'n tweede keer doen is dit op my.
- 'n Leë sak kan nie regop staan nie.
- Elke hond is in sy eie huis 'n leeu.
- 'n Dief ken 'n diefsoos 'n wolf 'n wolf ken.

Darwin-pryse [6]

Die *Ann Arbor Crimes* het berig van 'n man wat vyfuur die oggend in Michigan by 'n Burger King ingeloop, sy pistool gerig en aangedring het op al die kontant in die kasregister. Die klerk het gesê hy kan nie die kasregister sonder 'n kosbestelling oopmaak nie.

Die man het toe uieringe bestel, maar die klerk het gesê dis nie op die spyskaart nie. Die rower se frustrasie het die oorhand gekry en hy het hom uit die voete gemaak.

EVOLUSIE [4]



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

PSIGIATERS

• Erg versteurde pasient aan psigiater:

"Dokter, hierdie klein miertjies wat my so byt - ek kan dit nie meer vat nie!" terwyl hy die miertjies afkrap.

Psigiater: "Moenie die blerrie goed op my gooi nie!"

• Psigiater aan nuwe assistent-verpleegster: "As jy die foon antwoord, sê asseblief net ons is verskriklik besig. Moet nooit sê dis 'n malhuis nie!"

OUPA SE SIENING

'n Kind vra sy oupa:
"Oupa, wat is die verskil tussen 'n skelmpie, 'n girlfriend en 'n vrou?"

Oupa: "Seun, 'n skelmpie is soos heuning, 'n mens kan nie te veel daarvan kry nie want dis gans en al te soet en dan kry jy suikersiekte.

"'n Girlfriend is soos kerrie en rys. 'n Mens kan net sommige dae daarvan kry, anders is jou cholestrol te hoog.

"En 'n vrou is soos katjiebotter en stroop. As jy niks het om te eet nie, dan eet jy dit maar."

(Van Johann Mostert.)

MEER OOR MALEMA

• Een van die wit mans wat by Lifeline Crisis Centre gewerk het is in die pad gesteek. Hy het 'n oproep gekry wat lui:
"Hallo, ek is Julius Malema. My meisie het my afgesê en ek lê op die spoorlyn en wag vir die trein om te kom."
Die wit ou sweer al wat hy gesê het was: "Bly kalm en bly op die lyn."

• Die toordokter sê vir Malema hy sal op 'n Boerevakansiedag sterf.
Malema: "Boerevakansiedag?"
Toordokter: "Ja, as jy die dag doodgaan, sal daar 'n Boerevakansiedag wees."

WINSGEWENDE PERD

Jannie en Kobus het lang mekaar geboer en was goeie bure. Kobus wil op 'n dag 'n perd verkoop en sit dit vir R200 aan Jannie van die hand.

Jannie was ingenome met die koop en het dadelik die R200 betaal.

Kobus het tweede gedagte oor die verkoop gekry en gedink hy was dom om die perd so goedkoop te verkoop. Hy bel toe vir Jannie en sê hy wil die koop kanselleer.

Jannie sê toe hy sal die perd vir R300 verkoop. Kobus het dit betaal en die perd teruggeneem.

Maar Jannie was toe al geheg aan die perd, en hy bel Kobus en sê hy sal R400 vir die perd aanbied. Kobus het ingestem, en die perd is terug na Jannie se plaas.

'n Paar dae later bel Kobus weer en vra of die perd nie dalk te koop is nie.

"Jammer, man," sê Jannie. 'Hier was 'n ou van 'n Johannesburgse ryskool en hy het die perd vir R800 gekoop."

"Haai!" sê Kobus. "Jy was dom om te verkoop. Ek en jy was besig om 'n goeie lewe uit daai perd te maak!"

Dinge waarvan kinders spoedig niks gaan weet nie

Analoog-horlosies

Kursiewe handskrif



Video-opnemers

Koerante



Woorde wat uitgeskryf is



Koordlose telefone

CD's

Poskaarte en briewe

Daar ís iets groter en dieper as menslike intelligensie in die heelal.

Lawrence Anthony, 'n legende in Suid-Afrika en skrywer van drie boeke, waaronder die topverkoper "The Elephant Whisperer", het dierelewens van reg oor die wêreld gered en was ook die rehabiliteerder van olifante wat onder die mens se wreedheid deurgeloop het. Met die Amerikaanse inval in Irak (2003) het hy baie diere uit Bagdad se dieretuin gered.

Anthony (61) is in Maart vanjaar by die reservaat Thula Thula in Zoeloeland aan 'n hartaanval oorlede, maar hierdie storie het ons nou eers bereik.

Hy word onthou en gemis deur sy vrou, twee seuns, twee kleinseuns en talle olifante. Twee dae ná sy dood het 31 wilde olifante by sy huis opgedaag om hul laaste eer te bewys. Die trop is deur twee matriarge gelei en het 12 uur lank tot by sy huis gestap.

Ooggetuies van die gebeurtenis was verbyster deur die superintelligensie van die olifante. Hulle het nie net geweet hy is dood nie, maar was ook deur emosie en respek gelei om hul laaste eer aan die olifantliefhebber te kom betoon. Anthony het hulle gered toe hulle bestem was om doodgeskiet te word.

Hulle was 18 maande lank nie by Anthony se huis nie, maar het reguit daarop afgestap en by hul aankoms wee dae en twee nagte lank gerou en niks geëet nie. Ná 'n paar dae het hulle weer hul koers die bosse in gevind. Dit is bekend dat olifante vir hul eie dooies rou.

VARS NUUS

'n Britse oorlogskip stop vier Moslems in 'n roeiboot wat op pad Brighton toe is. Die kaptein roep oor die luidspreker:
"Ahoy! Waarheen is julle op pad?"
Een van die Moslems antwoord: "Ons is op pad om Engeland oor te neem!"
Die bemanning op die oorlogskip begin lag, en toe hulle weer asem skep, vra die kaptein:
"Net die vier van julle?"
Die Moslem antwoord: "Nee, ons is die laaste vier. Die ander is almal al daar!"



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Ligte mistykie in die bosgebed

Deur **Hennie Greeff (Nieu-Seeland)**

Ek het my verpligte militêre opleiding in 1965 as vrywilliger by die Leërgimna-sium gedoen. Let wel: Nie die gewone 9 maande nie, maar wel 10 en 'n halwe maand.

Ons was primêre infanterie, maar het ook opleiding in mortiere en kanonne gekry. Ons was egter bevoorreg om nie na ander basisse uitgeplaas te word nie; ons het in dieselfde kamp gebly.

Die eerste snaakse reël wat die weermag gehad het, was dat jy 'n lisensie vir alles moes hê voordat jy dit kon gebruik: Voertuie, fietse, projektors, enso-voorts.

Ek is om een of ander vreemde rede aangewys en opgelei as stoorman, 'n KSKM of kwartiermeester vir C Kompanie en het toe 'n lisensie vir alle moontlike toerusting bekom.

My PF (Permanent Force) Sammajoor was Pienk Piet, en deur hom het ek al die *red tape* van die weermag geleer. My handlanger in die stoor was ene Chris Zietzman van Ceres. Hy was byna 7 voet lank en so maer soos 'n nommer een gholfstok. Ekself het nie vir hom agteruit gestaan nie. Ek is ses twee en het toe 65 kg geweeg.

Een van die jong luitenante was 'n ene Thys Lourens (vir dié wat nie weet nie, hy het rugby gespeel; ook twee toetse vir die Springbokke) en sy handlanger was 'n ou wat baie voorbarig was en homself ingewurm het in die agterente van die manne met gesag.

So het dit gekom dat ons op 'n drieweke-veldkamp Noorde toe vertrek, waar die Madimbo-kamp ontwikkel het. Daar was net bos, en ons het ons eerste behoorlike ete onder die bome gekry. Die voorbarige vent is toe gevra om die gebruiklike gebed voor ete te doen.

Nou moet ek hier verduidelik dat as jy volgens die militêre voorskrifte 'n foutiewe bevel gee, jy dit kanselleer met 'n luide: "HERSTEL!"

Ewenwel, Voorbarig begin sy gebed: "Vir wat ons gaan geniet maak ons regop . . . HERSTEL! . . . opreg dankbaar daarvoor. Amen."

VERSKILLE IN DIE WEERMAG

VREUGDE IS . . .

Infanterie: 'n Goeie geweer
Pantser: 'n Groot tenk
Artillerie: 'n Luide boem

BY DIE AANHOOR VAN VUURWERK

Infanterie: Koel, net soos 'n oefening in lewendige vuur
Pantser: Nie hard genoeg nie
Artillerie: Vuurwerk? Watse vuurwerk?

GUNSTELING LIEDJIE

Infanterie: "Ballad of the Green Beret"
Pantser: "Purple Haze"
Artillerie: Enigiets, solank dit HARD gespeel word

GUNSTELING VORM VAN VERVOER

Infanterie: Enigiets behalwe loop
Pantser: Tenks! Tenks! Tenks! Tenks! TenktenktenkTENKS!
Artillerie: Moet jy nie rondbeweeg as jy vervoer wil hê nie?

Aan almal wat aan werk verslaaf is

'n Zimbabwiër kom as 'n nuwe immigrant in Suid-Afrika aan. Hy stop die eerste persoon wat hy op straat teenkom en sê:

"Dankie, meneer Suid-Afrikaner, dat ek in hierdie land mag kom bly. Ek kry nou gratis behuising, kospakkies, gratis mediese dienste, 'n gewaarborgde regstellende aksie werk en gratis onderwys!"

Maar die man met wie hy gepraat het, is 'n Nigeriër, en hy sê: "Jy maak 'n fout. Ek is 'n Nigeriër, ek is net hier vir gratis mediese dienste."

Die Zimbabwiër loop die volgende voetganger raak, en sê weer: "Dankie, dat ek in hierdie wonderlike land mag bly!"

Maar die ou antwoord: "Ek is nie 'n Suid-Afrikaner nie. Ek is net hier vir 'n gratis dak oor my kop."

Hy stap 'n entjie verder, kom nog iemand teë, stop en skud sy hand.

"Dankie dat ek ook in jou wonderlike land mag bly!"

Maar die man steek sy hand op, en sê:

"Jy maak 'n fout. Ek is van Botswana. Ek is net hier vir die gratis onderwys."

Uiteindelik loop hy 'n swart vrou raak.

"Is jy 'n Suid-Afrikaner?" vra hy ernstig.

"Nee," sê sy, "Ek is van Ghana!"

Die Zimbabwiër kyk na haar nuwe rok, nuwe skoene en duur horlosie, en vra raadop: "Waar is al die Suid-Afrikaners?"

Die Ghanese vrou kyk na haar horlosie, skud haar kop, en sê: "Waarskynlik by die werk, sodat hulle kan betaal vir alles wat ons gratis kry . . ."

Algaande leer ons

WAT DIE OUDERDOM ONS LEER

1. Om 'n tiener groot te maak is soos om jellie aan 'n boom vas te kap.
2. Jou ouers was reg toe hulle altyd gesê het, "Wag maar, jy sal verstaan as jy die dag kinders het."
3. Middeljare is wanneer jy jou ontbytgraan kies vir die vesel en nie die plesier nie.
4. Jy kry jou kinders uit die huis maar nie uit jou sak nie.
5. Geduld is toe nie net 'n woord nie, dis inspanning.
6. Kinders grootmaak is nie vir sissies nie.
7. Selektiewe doofheid is nie 'n fisiologiese gebrek nie maar 'n verdedigings-meganisme.
8. Mens wonder hoekom jou kinders jou ander helfte se humeur en geite geërf het.
9. Tieners beskryf die ouderdom tussen tien en geduld.
10. Ouers word "dommer" met elke generasie.

Namakwalands

Onderskep van Bakkiesboek:

Johann, dalk is daar iets soos Namakwa. Ek haal aan uit oom Theunis Uys se boek *Eenkantland - Venster op Namakwaland* (beskikbaar by kalahari.com):

"Ons praat nie fênsie nie. Vir 'huidig' sê ons 'deesdae' of 'duske-tyd'. Vir 'n 'onegte kind' sê ons 'voorkindjie'. Ons praat nie van 'swanger' nie; ons sê 'dragtig'. Ons sê nie iemand is 'bedonderd' nie; ons sê hy is 'in die onweer'.

"Ons sê nie 'daar' nie, ons sê 'dour'. Ons sê nie 'lankal' nie' ons sê 'hoeka' of 'vanslewe'. Ons sê nie 'gee my 'n stukkie' nie, ons sê 'ou dan iets'.

"So kan ons vir dae aangaan."

• **Is daar lesers van KAMMANUUS wat hiertoe wil bydra? Skryf aan pos@onsdorp.com en merk dit "Namakwalands**."

POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Sukkel met die rooi taal

Juan van Schalkwyk:
Dankie vir die lekker lag en die stories. Jou storie oor die taalprobleme met die Chillies en die Pikkewyne het my laat terugdink aan my kinderdae.

Ek was nogal goed met die rooi taal, maar het ook maar gesukkel met party begrippe, veral waar die Engelse woord ook 'n Afrikaanse betekenis kan kry. So ry ons verby die Woltemade begraafplaas en ek lees Gate 1-2, Gate 2-3 ens. Baie gate in daardie begraafplaas, en hulle noem dit gate, nie grafte nie? Totdat my ma aan my verduidelik dit is Engels; gate of gates, soos in hekke! En Holmes Motors - ons lees Hol Mes. (Is dit waar jy hom indruk?)

Jy weet, in die Boland is Engels mos 'n vreemde taal, maar die mense van die Kaap (Kaapstad) is nou weer meer Engels. So kuier ons in die Strand en ons kinders sien 'n ou met 'n pap wiel. My niggie wil ghrênd wees met haar Engels en verduidelik vir die ou: "you have a porrige wheel."

Of ons word voorgestel aan 'n Engelse persoon; "How do you do". En ons antwoord: "No I'm fine, how are you?"

• Dankie, Juan! Ek onthou toe ons 1962 uit Upington in die Kaap aangekom het en ek nie eers *please* en *thank you* geken het nie. Toe ek eers lekker reggekom het was een van my gunsteling radioprogramme *Consider your Birdie*. Ek het eers lank ná die tyd ontdek dis *verdict* en nie *birdie* nie, tot groot vermaak van my ma. – Hennie.

Myn tussen kannibale

Piet Botha:

Ek werk vir die laaste 18 maande op Grasberg by die tweede grootste koper- en goudmyn ter wêreld. Hier werk 22,000 siele op die myn waarvan so 260 Expats is. Die plek is so rofweg 4,600 meter bo seevlak en vier grade weg van die ewenaar,

Die plek staan bekend as Papua en hier is regte egte kanibale in sommige gebiede.

Die "dorp" (klein gehuggie) staan bekend as Tembagapura met die naaste dorp wat ook die Vliegtuig landings strook het so 45 myl berg af, naamlik Timika.

Die myn verwerk daagliks so 380,000 ton erts. Is om jou asem weg te slaan.

• **Hennie antwoord:**

Dankie, Piet! Jy sal eenvouding net MOET fotos stuur. Ek het in Peru ook by so 'n myn gewerk en dit was maar 4500 m hoog wat ook jou asem wegvat (nie oor die saais van die myn nie maar weens die min suurstof op daai hoogte).

Dit moet 'n rare ondervinding wees want die temperature moet sekerlik baie laag wees al is julle so na aan die ewenaar(?)

Is daar darem ander asems ook wat Afrikaans besig? Jy kan die kanibale waarsku dat jy 'n Saner is. Hulle weet ons is narre en hou nie van vleis wat 'snaaks' proe nie.
Groete uit Doha waar dit 42 ºC in die skadu is en by seevlak.

Naamsveranderinge

Suna Stirk:
Hulle gaan nou begin voëlname ook verander. Blykbaar begin hulle by Piet-my-Vrou. Dit gaan nou Sipho-my-Squeeza word.

In aansluiting hierby, iets wat ons elders opgetel het:

Daar was gister drie rooftogte in Tshwane, voorheen bekend as Pretoria.
Dit het gebeur in Francis Baard-straat, voorheen bekend as Schoemanstraat, Sisulu, voorheen bekend as Prinsloostraat en in Nana Sita, voorheen bekend as Skinnerstraat.

Hierdie inligting kom van inspekteur Elias Moropeng, voorheen bekend as Frans du Toit.

Skryf gerus met interessante nuus uit jul omgewing. Onthou, ons adres is:
pos@onsdorp.com

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

FRIKKADELLE

2.25 kg bees maalvleis
10 eiers ongeklits
Gekapte uie na smaak
Sout en peper na smaak
250 g koring vlokkies

Meng alles baie deeglik, vorm frikkadelle, bestrooi met meel en vries tot gebruik, of bak in oond tot gaar of braai in vlak olie aan weerskante tot bruin en gaar.

APPEL BLATJANG

2 groot Granny Smith appels geskil, ontkern en opgesny
100 g sultanas
100 g gerasperde ui
1 knofffelhuisie gekneus
125 ml asyn
125 ml bruin suiker
10 ml piekel speserye
Stukkie gemmer
Meng alles, kook saam tot sag en verdik.
Bottel warm.
Laat staan sowat 2 maande voor gebruik.

STAMBOOM

BLOM ria.tinnion@geosoft.com
My oupa grootoupa is Jurie Johannes Blom gebore 28 Mei 1872 op Bredarsdorp. Getroud met Maria Elizabeth Matthee gebore 2 Aug 1882.

BRITS dwbrits87@gmail.com
Ek is op soek na die familieboom van die Brits'e in SA en wie die stamvader was. Dit sal gaaf wees om te weet van hul oorsprong asook hulle geloofen watse werk hulle gedoen het.

CROSSMAN cjcrossman@gmail.com

DE BEER petrowldrs@gmail.com
Ek wil graag die De Beer-familiewapen bekom asseblief en enige intressante inligting oor ons voorouers.

DREYER esther@i4u.co.za
My ouma was Anna Susanna Dreyer (ek dink haar pa was Thomas Frederik Dreyer). Sy is ca. 1870 gebore en hulle het in Durbanville gebly. Sy het getrou met Hendrik Cornelis Loubser. Het iemand inligting oor die Dreyers?

DUMINY ejc@vodamail.co.za
Enige inligting oor die Duminy/Duminey/Deminy families

DU PLESSIS marleneduplessis@yahoo.com

GERMISHUIZEN carina.nicholson@yahoo.com

JANSEN VAN RENBURG joachim.petrus@gmail.com

LOMBAARD elrie.em@gmail.com
My pa was Stephanus Petrus Lombaard, gebore 1934. My oupa se name was Dirk Jakobus Lombaard. Ek wil graag meer inligting versamel oor die Lombaard-familie.

O'CALLAGHAN marleneduplessis@yahoo.com

SWANEPOEL taljaardmelinda@yahoo.com
Ek is op soek na my familie wat woonagtig was in die Ventersdorp / Potchefstroom omgewing vanaf 1920-1997. Enige inligting sal waardaar word.

TALJAARD Alwyn.taljaard101@gmail.com
Soek familie wat in die Reitz-omgewing woonagtig was. My pa was Marthinus Gerhardus Taljaard gebore 7 Mei 1933 was met Cornelia Zagaria Bezuidenhout getroud.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Sy het my haar bestemmingsadres gegee, en gevra: 'Kan ons deur die onderdorp ry?'"

Deur 'n taxibestuurder van New York

Ek het by die adres aangekom en die toeter geblaas. Ná 'n paar minute het ek weer getoet. Dit was my laaste rit van die dag en ek het gedink om weg te ry, maar ek het die kar geparkeer en aan die deur gaan klop.

"Net 'n oomblik," het 'n swak en ouerige stemmetjie geroep. Ek kon hoor hoe iets deur toe gesleep word.

Ná nog 'n rukkie het die deur oopgegaan. 'n Klein vroutjie in haar negentigs het daar gestaan. Sy het 'n geblomde rok en 'n hoedjie met 'n sluier gedra - kompleet soos in 'n 1940-rolprent.

Langs haar het 'n klein nylontassie gestaan. Die woonstel se meubels was toegegooi onder lakens, asof daar lank nie iemand gewoon het nie. Daar was geen horlosies teen die muur nie, en niks op die toonbanke nie. In die hoek was daar 'n kartonbks vol foto's en glasware.

"Sal jy my sak kar toe dra?" het sy gevra. Ek het dit geneem, in die kar gelaai en teruggekeer om haar te help. Sy het my arm geneem en ons het stadig kar toe beweeg.

Sy het aangehou om my te bedank vir my vriendelikheid. "Dis 'n plesier," het ek gesê. "Ek probeer net om my passasiers te behandel soos ek wil hê daar moet teenoor my moeder opgetree word."

Sy het my haar bestemmingsadres gegee, en gevra: "Kan ons deur die onderdorp ry?"

"Dis nie die kortste pad nie," het ek gou geantwoord.

"Ag, maak nie saak nie," het sy gesê. "Ek is nie haastig nie. Ek is op pad na 'n tehuis."

Ek het in die truspieëltjie gekyk. Haar oë het geblink.

"Ek het nie meer familie nie," het sy in haar sagte stem gesê. "Die dokter sê ek is naby my einde."

Ek het saggies vorentoe geleun en die meter afgeskakel, en gevra watter roete sy wil ry.

Die volgende twee uur het ons deur die stad gery. Sy het die gebou aangedui waar sy eens op 'n tyd as 'n hysbakoperateur gewerk het. Ons het deur die buurt gery waar sy en haar man as jonggetroudes gewoon het. Sy het my laat stilhou voor die meubelskuur waar daar 'n danssaal was waar sy as jong meisie gaan dans het.

Soms het sy my gevra om by 'n spesifieke gebou of straathoek stadiger te ry. Dan het sy net in die donker gestaar en niks gesê nie.

Toe die dag begin breek, het sy skielik gesê: "Ek is nou moeg. Kom ons ry."

Ons het in stilte na die adres gery. Dit was 'n lae gebou, soos 'n hersteloord, met 'n oprit wat onderdeur 'n oordekte suilegang gestrek het.

Twee oppassers het na die taxi gekom. Hulle was begaan en prakties en het elke beweging van haar dopgehou. Hulle moes haar verwag het.

Sy het na haar beursie gereik. "Wat skuld ek jou?"
"Niks," het ek gesê.

"Jy moet 'n lewe maak."
"Daar is ander passasiers." En sonder om te dink het ek haar 'n druk gegee. Sy het my styf vasgehou.

"Jy het aan 'n ou vroutjie 'n bietjie vreugde verskaf. Dankie," het sy gesê.

Ek het haar hand gedruk en taxi toe gestap. Agter my het 'n deur toegemaak. Dit was die klank van 'n lewe wat afgesluit word.

Ek het nie nog passasiers op daardie skof opgelaai nie. Ek het doelloos en ingedagte begin ry. Vir die res van die dag kon ek skaars praat. Sê nou maar die tannie het 'n ongeskikte bestuurder gekry? Iemand wat ongeduldig aan die einde van sy skof was? Wat as ek net weggery het nadat ek getoet het?

As ek vinnig dink, dink ek dis die belangrikste ding wat ek in my lewe gedoen het. Ons is gekondisioneer om te dink ons lewe wentel om groot oomblikke. Maar die groot oomblikke vang ons dikwels onwetend - knus toegedraai in wat ander mense klein en onbenullig sal vind.

KAMMANUUS verskyn weer op 15 Oktober